


Droogte-risikobestuur en verbetering van veerkrachtigheid in Afrika

Mariette Liefverink, Federasie vir 'n Volhoubare Omgewing

Droogte is 'n komplekse, natuurlike gevaarrisiko, wat globaal van aard is. Interdisiplinêre impakte word gevoel op baie aspekte van die lewensbestaan en sektore van die samelewing (landbou, energie, voedselsekureit, gesondheid, waterhulpbronne, migrasie en hulpbronnkonflik). Droogte is waarskynlik die mees weerbarstige en verderflikste van die dramatiese gebeure in die natuur.

Die impak van droogte is meer kompleks vandag, omdat meer ekonomiese sektore geraak word, wat botsings tussen watergebruikers skep. Vir jare lank het Afrika geworstel met die verreikende gevolge van droogte en het dit selfs tot die moord van miljoene Afrikane gelei. Droogte het ook deur Afrika se geskiedenis beduidende sosiale-, omgewings- en ekonomiese skade veroorsaak.





Figuur 1. Gemiddelde jaarlikse reënvalpatrone (1981 - 2014) van die Afrikakontinent. (Databron: *Climate Hazards Group* <http://chg.ucsb.edu/data/chirps/>).



Volgens die onlangse IPCC (2014)-verslag, kan die bedreiging van klimaatsverandering die frekwensie, intensiteit, duur en omvang van droogtegebeure in die toekoms verhoog. Daarbenewens bedreig droogte ook ontwikkeling, omdat gemeenskappe minder in staat is om by 'n veranderende klimaat aan te pas of die impak daarvan te absorbeer. Verder vermenigvuldig die bevolkingsgroei in Afrika die impakte van droogte.

Historiese droogtes in Afrika vir geselekteerde jare in die 21ste eeu





Figuur 2. Die kaarte toon die ernstigheidsgraad en patrone van droogte gebaseer op die 12 maandelikse gestandaardiseerde neerslag en evapotranspirasie-indeks(SPEI)-waardes.

(Bron: *Global SPEI Database*, <http://sac.csic.es/spei/map/maps.htm>.)

Country	Year	Total Deaths	Total Affected
Somalia	2010	20,000	4,000,000
Sudan	1983	150,000	8,400,000
Ethiopia	1983	300,000	7,750,000
Chad	1981	3,000	1,500,000
Mozambique	1981	100,000	4,750,000
Somalia	1974	19,000	230,000
Ethiopia	1973	100,000	3,000,000
Ethiopia	1965	2,000	1,500,000
Cape Verde	1946	30,000	N/A
Cape Verde	1940	20,000	N/A
Cape Verde	1920	24,000	N/A
Niger	1910	85,000	32,000
Cape Verde	1900	11,000	N/A

Tabel 1: Aangemelde historiese droogtesterftes vanaf 1900 tot 2015.

(Databron: *EM-DAT: The CRED/OFDA International Disaster Database*, <http://www.emdat.be/database>)

Droogtereaksie in Afrika weerspieël die sosiale en ekonomiese situasie van die lande in die vasteland. Hoewel sommige lande vordering gemaak het, dui die huidige ervaring in baie lande in Afrika daarop dat die meeste regerings nog nie behoorlike prioriteit gegee het aan droogte-risikobestuur nie en dat regerings eerder vertrou op die krisisbestuurbenadering.

Suid-Afrika: Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van droogtebestuur. 'n Droogte gedurende die vroeë 1930's wat saamgeval het met die Groot Depressie, het 'n diep indruk op baie beleidmakers gehad. Beduidende droogtes het ook voorgekom gedurende die 1960's, 1980's en vroeë 1990's, en onlangs in 2014/2015.

Suid-Afrika het 'n groot hoeveelheid tyd en moeite belê in die ontwikkeling van 'n samehangende nasionale droogtebeleid. Hierdie pogings is versnel deur die ontwikkeling van die Nasionale Oorleggende Forum op Droogte van die vroeë 1990's, wat meer belanghebbers na die beplanningstafel gebring het en meer sektore ingesluit het in

droogtebeplanningspogings.

Hierdie pogings het gelei tot nuwe droogtebeleide wat risikobestuur aanmoedig, boere finansiële hulp, natuurlike hulpbronne beskerm, die beste gebruik van hulpbronne vir individuele boere bevorder en boere help om 'n kern-telingkudde tydens 'n droogte te handhaaf. Met hierdie beleid moet boere spesifieke hulpbronbewarings- en langtermyn volhoubaarheidsmaatreëls aanvaar om te kwalifiseer vir finansiële hulp (soos nakoming van gevestigde weidingsvermoëns).

In 2002 is 'n landbou-risikoversekeringswet ontwikkel om landbouprodusente se inkomstes vir die mees vatbare gewasse en veeverliese weens natuurlike rampe, insluitend droogte, aan te vul. Dit bly egter 'n uitdaging vir die Suid-Afrikaanse regering om 'n balans te handhaaf tussen die aanmoediging van 'n risikobestuursbenadering vir groot landbou-ondernemings en die verskaffing van 'n veiligheidsnet vir die hulpbron-beperkte sektore van die bevolking.

Oor die algemeen, ten spyte van 'n paar bewyse van 'n paradigmaterskuiwing vanaf 'n noodreaksie na 'n meer holistiese droogte-risikobestuur- en ramp-risikoverminderingbenadering, bly die fokus oor verskeie beheervlakke steeds gewortel in tegniese- en finansiële verligtingsoplossings in Suidelike Afrika.

Meer hulpbronne word deur regerings en donateurs beskikbaar gestel vir reaksieaktiwiteite, eerder as vir langtermyn ontwikkelingsaktiwiteite, wat handel met beplanning, versagtende - en rampparaatheid. Gegewe die dringendheid en onvoldoende tyd om gedurende 'n droogtekrisis te beplan, word noodreaksie gewoonlik onoordeelkundig geïmplementeer, wat lei tot beduidende skade. Verskeie studies en wetenskaplike navorsingsverslae wys daarop dat droogtebeplanning en proaktiewe versagtende programme, droogte-impakte en botsings oor mededinging vir water gedurende droogte kan verminder. Droogte moet gesien word as 'n normale natuurlike ramp waarvoor beplan moet word en in die beleide van Afrika se regerings in aanmerking geneem behoort te word.

Die herhalende droogtes in Afrika, wat vererger word deur klimaatsverandering, noodsaak die behoefte vir meer effektiewe droogtebeplanning en die ontwikkeling en implementering van gepaste versagtende strategieë.

Die integrasie van 'n droogte-risikobestuursbenadering vereis dat langtermyn ontwikkelingsintervensies aangepas word volgens die veranderende klimaat. Nuwe maatreëls om droogte te antisipeer en te hanteer behoort te fokus op langtermyn droogteveerkragtigheid, benewens korttermyn reaksie.

Strategieë moet Afrika voedselsekerheid verseker vir 'n steeds toenemende bevolking, tesame met 'n vermindering van droogtekwesbaarheid en die beskerming van die omgewing. Afrikalande moet ook hul pogings versterk om die gedeelde en multidissiplinêre globale uitdagings aan te pak. Hierdie uitdagings sluit klimaatsverandering, energie, voedsel, landbou en voeding, globale gesondheid en water in.

Hoewel verskeie aktiwiteite reeds (nasionaal en internasionaal) plaasgevind het, en aansienlike vordering gemaak is ten opsigte van 'n paradigmaverskuiwing ten opsigte van droogte-risikobestuur en doeltreffende proaktiewe optrede, is kollektiewe en gesamentlike pogings nou meer as ooit van tevore nodig.

Doeltreffende organisatoriese strukture en meganismes, sowel as menslike hulpbronne met ryk ervaring, kennis en vaardighede, is noodsaaklik vir 'n effektiewe ramp-risikobestuurstelsel.

Afrika-nasies moet dus aandag vestig op 'n droogte-risikobestuur- en 'n veerkragtigheidsstrategieraamwerk, wat meer gefokus is op die menslike dimensies van droogte en proaktiewe droogte-risikovermindingsmaatreëls. Só 'n strategiese raamwerk sal help om die sosio-ekonomiese en ekologiese impakte van droogte in Afrika te verminder.

Die DRAPA strategiese raamwerk

Daar word voorgestel dat gebruik gemaak word van vorige - en huidige ervarings en lesse wat geleer is in Afrika, in lyn met die wêreldwye rampvermindingsraamwerke, soos die Sendai-raamwerk en die hoë vlak vergadering oor 'n Nasionale Droogtebeleid (HMNDP), 'n nuwe strategiese raamwerk genoem DRAPA. DRAPA is ontwerp om effektiewe droogte-risikobestuur en verbeterde veerkragtigheid by kontinentale -, streeks-, nasionale -, of op plaaslike gemeenskapvlakke vir Afrika te bou.

Die DRAPA strategiese raamwerk bevat ses belangrikste elemente in lyn met die prioriteite van Afrika se streeksnetwerke. Die elemente sluit in: (i) droogtebeleid en bestuur vir droogte-risikobestuur, (ii) droogtemonitoring en vroeë waarskuwing; (iii) droogtekwesbaarheid en impak-assessering, (iv) droogteversagende paraatheid en reaksie, (v) kennisbestuur en droogtebewustheid, en (vi) onderliggende verminderende waarde-faktore van droogte-risiko, sowel as interdisiplinêre kwessies, soos kapasiteitsontwikkeling en geslags- en inkomste-ongelykheid.

Die voorgestelde DRAPA strategiese raamwerkstruktuur is gefokus op Afrika-lande wat spesifiek kwessies ondervind met die droogte. Dit beoog 'n strategie om nasionale en partikuliere institusies in Afrika, onder Afrika-unie leierskap, en in samewerking met die internasionale gemeenskap, te ontwikkel en te implementeer. Die uitkoms van hierdie strategiese raamwerk is daarop gerig om meer mense-gesentreerd (insluitend vroue en minderhede) te wees, die fokus op droogtekwessies te verskerp, droogte-impakte te verminder en die veerkragtig van die samelewing in Afrika te verbeter. Die ontwikkeling van 'n strategiese raamwerk vir droogte-risikobestuur en verbetering van droogteveerkragtigheid is 'n stap vorentoe om hierdie oorkoepelende doel te bereik.

'n Aansienlike vermindering van droogte-impakte op menslike lewens in Afrika word verwag met die implimentering van die DRAPA strategiese raamwerk. Dit sal ook lei tot 'n aansienlike vermindering van verwoestende droogte-impakte op ekonomiese - en omgewingsbates in Afrika. Afrika moet ook fokus op die ontwikkeling en versterking van nasionale en plaaslike instansies, en doeltreffende meganismes en vermoëns kweek om weerbaarheid teen droogte te verbeter.

Aanbevelings vir implementasie van die strategiese raamwerk

1. Bestuur die droogte-risiko's, nie die krisis nie. Nasionale regerings behoort hul primêre verantwoordelikheid te erken dat hulle moet voldoen aan droogte-risikovermindering en politieke leierskap moet verskaf. Alle besluitmakers en droogte-risikobestuurders moet hul benadering tot droogte-risikobestuur hersien. Droogtemonitoring en vroeë waarskuwingspesialiste moet 'n algemene benadering tot droogtebestuursnellers vir vroeë aksie ontwikkel, wat deur humanitêre en ontwikkelingsrolspelers gebruik moet word.
2. Integreer 'n droogte-risikobestuursbenadering wat langtermyn ontwikkelingsintervensies toelaat. Afrika-lande en die internasionale fonds-gemeenskap moet 'n droogte-risikobestuursbenadering integreer, wat langtermyn ontwikkelingsintervensies by die veranderende klimaat aanpas en voorkomende humanitêre werk onderneem. Dit sluit in:
 - ontwikkeling van lewensbestaansbeskerming en 'geen-spyt'-opsies;
 - hulpverlening aan gemeenskappe om krisisse te voorkom, te versag, op voor te berei en op te reageer;
 - om te verseker dat vroeë waarskuwingstelsels in plek is om in droogte-risikobestuur regdeur die ontwikkeling- en humanitêre siklus te integreer;
 - deur aansienlik te belê in mense en vennoot-organisasies; en
 - hersiening van organisatoriese strukture en stelsels.
3. 'n Geslagsensitiewe droogterisiko-ontleding te institutionaliseer en te implementeer. Bevestiging van die deelname van die jeug aan alle droogteverwante kwessies.
4. Versterking van die samewerking onder Afrika-lande, streeks- en sub-streeksinstitute, en internasionale organisasies in droogte-risikobestuur en implementeringsplanne.
5. Die instelling van 'n gemeenskaplike platform vir alle Afrika-lande en fasilitering van die onderhandeling van 'n bindende droogte- en land-agteruitgangsprotokol.
6. Ontwikkeling van 'n Afrikanetwerk wat 'n integrale deel van die globale netwerk ten opsigte van droogteparaatheid sal word.
7. Ontwerp en ontwikkeling van 'n Afrika-droogteinligtingsverrekeningskantoor ('clearinghouse').
8. Verbetering van nasionale, sub-streek, en gebruik van partikuliere droogteparaatheidsnetwerke vir kapasiteitsbou, ontwikkeling en tegnologieoordrag, uitruil van inligting, en lesse geleer.
9. Mobilisasie van voldoende, voorspelbare en tydige finansiële en tegniese hulpbronne op alle vlakke met betrekking tot droogtekweessies.
10. Skepping van 'n Afrika-konsortium of -inisiatief wat owerheidsinstansies, navorsingsinstansies, die VVO en internasionale organisasies, die private sektor, burgerlike



samelewing en skenkerorganisasies byeenbring.

11. Bevordering van vennootskappe met openbare instellings, die private sektor, burgerlike samelewing, navorsingsinstansies en academia vir fondse vir programme en aktiwiteite.

12. Versekering dat hierdie raamwerk aangeneem word by toepaslike sessies van die Afrika-unie staatshoofberaad.

Verwysingsbronne:

Strategic Framework for Drought Risk Management and Enhancing Resilience in Africa.

Tsegaye Tadesse, PhD, senior konsultant en medeprofessor in toegepaste klimatologie en afstandswaarnemingsdeskundige
Nasionale Droogtemitigasiesentrum, Universiteit van Nebraska-Lincoln

